

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 49: Ki Tetze (כִּי תֵצֵא) Wanneer jy uitgaan.

Wanneer jy in geveg uittrek teen jou vyande en יהוה, jou God, hulle in jou hand gee en jy hulle as gevanges wegvoer..... Deut. 21:10 – PWL¹

Torah: Deut. 21:10 tot 25:19

- ❖ **Torah Is Die Karakter En Outoriteit Van YHVH**
- ❖ **Deut. 21:10** – Wanneer Jy Uitgaan!
- ❖ **Deut. 21:18 tot 21** – Wederstrewige Kinders
- ❖ **Deut. 21:22 en 23** – Vervloek Deur YHVH
- ❖ **Deut. 22:1 tot 4** – Onderlinge Vertroue
- ❖ **Deut. 22:5, 9 tot 11** – Verbode Vermengings
- ❖ **Deut. 25:13 tot 16** – Mate en Gewigte

Haftorah: Jes. 54:1 tot 10 – Die Toekoms van Sion

Hernieude verbond:

- ❖ **Luk 10:29 tot 37; Gal. 6:2** – Naasteliefde en onderlinge vertroue

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch: of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

- ❖ **1 Kor. 11:2 tot 15** – Kleding van mans en vroue
- ❖ **Matt. 5:31 en 32; Matt. 19:3 tot 12; Matt. 22:23 tot 32; Mark. 10:2 tot 12** – Ten opsigte van egskeiding.
- ❖ **Matt. 7:1 tot 5; Mark. 4:24** – Om ander te oordeel.

Hulle het vir Scot McKnight gevra: *As Yeshua vandag geleef het, wat sou Hy vir die kerk gesê het?* Sy antwoord: *“Ek het alles gesê wat nodig is – dit is nou tyd om dit te doen.”*

There are only two kinds of persons: those dead in sin and those dead to sin – Leonard Ravenhill.

Beware of false knowledge; it is more dangerous than ignorance — George Bernard Shaw.

Midrash (Torah Bespreking)

Torah Is Die Karakter En Outoriteit Van YHVH

The study of Torah is the study of God. When God revealed Himself to us, He did not give us a systematic theology, creeds, recipes or diagrams. He gave us laws. Yet they are more than just laws intended to tidy up human society. They are actual pieces of godliness. Each commandment is a small revelation of God. More than just a rule for governing human behavior, the laws of Torah are a reflection of the Lawgiver. (Ki Tetze; FFOZ, 2011).

Gehoorsaamheid begin by die keuse wat ek maak. Ek kies Torah as die wil van Vader-God vir my, of ek verwerp Torah en kies ‘n nuwe “stel wette” waarvolgens ek lewe. Elkeen wat YHVH waarlik liefhet is **nie** gehoorsaam aan Torah omdat dit **wet** is nie, maar is gehoorsaam aan Torah omdat dit **die wil** is van YHVH vir wie hy liefhet. Ons is nie gehoorsaam aan Torah om gered te word nie! Nee, ons is gehoorsaam omrede ons deur geloof in Yeshua as Messias gered is!

Om YHVH te ken, om Hom lief te hê, om Hom te dien en om Hom te behaag (genoeë te verskaf) is doelwitte wat ons oneindige vreugde en tevredenheid sal verskaf, ons welsyn sal verseker en ons vrede (shalom) sal gee. Om iemand te behaag moet jy eerstens daardie persoon ken. Die maklikste wyse om YHVH te ken is deur Sy woorde soos in die Skrifte opgeteken is en die fondament van hierdie woorde is in Torah te vinde. Daarom vorm Torah die basis van ons verhouding en kennis van YHVH. Yeshua is die lewende Torah en dit is die fondament waarop ons bou (1 Kor. 3:11).

Die ewige lewe is om YHVH te ken, asook Yeshua Messias wat Hy gestuur het (Joh. 17:3). Die doel van Torah studie is derhalwe om YHVH beter te leer ken omrede ek Hom liefhet en Hom daarom wil dien sodat ek Hom kan behaag. Yeshua het vir ons die voorbeeld gestel en ons stap in die voetspore van ons Messias.

Wanneer ons uit ballingskap – uit Babel van misleiding en afgodery – terugkeer na Yeshua en Torah-gehoorsaamheid, is hierdie belofte ook aan ons:

So sê יהוה: 'Wanneer sewentig jaar vir Bavel voltooi is, sal Ek julle besoek en My goeie woord aan julle vervul om julle na hierdie plek toe terug te bring, want Ék weet watter planne Ek vir julle het,' verklaar יהוה, 'planne vir welvaart en nie van katastrofe nie, om vir julle 'n toekoms en 'n hoop te gee, dan sal julle My aanroep en kom en tot My bid en Ek sal na julle luister. Julle sal My soek en vind as julle na My soek met julle hele verstand, wil en emosie. Ek sal deur julle gevind word,' verklaar יהוה; 'Ek sal julle voorspoed herstel en julle versamel vanuit al die nasies en vanaf al die plekke waarheen Ek julle verdryf het,' verklaar יהוה; Ek sal julle terugbring na die plek vanwaar Ek julle in ballingskap weggestuur het.' Jer. 29:10 tot 14 – PWL.

'Roep na My en Ek sal jou antwoord en aan jou groot en magtige dinge vertel, wat jy nie weet nie,' Jer. 33:3.

In hierdie week se Torah Skriflesing is daar meer as 70 opdragte (*mitzvot*), wat meer is as in enige ander parashah. Hierdie opdragte (onderrig en instruksies) het te doen met 'n verskeidenheid van alledaagse situasies waarmee ons gereeld te doen kry. Dit dien ook as bewys dat Vader-God omgee vir die detail van ons alledaagse wandel saam met Hom. Hierdie onderrig en instruksies neem die feit in ag dat ons in 'n onvolmaakte wêreld en samelewing leef. Dit neem ons eie swakhede en tekortkominge in ag, en bemoedig ons om te weet ons het 'n Hoëpriester wat medelye met ons swakhede het en na wie ons met vrymoedigheid kan gaan sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade kan vind om gehelp te word. (Heb.4:15 en 16)

Met die bestudering van veral hierdie parashah kan ons baie maklik die betekenis en doel van elke opdrag (*mitzvot*) mis indien ons dit net streng letterlik beskou (*pashat* interpretasie²). Ons moet onthou dat hierdie opdragte riglyne (beginsels) is wat in verskillende situasies waarmee ons gekonfronteer word, toegepas moet word. Die bepaalde voorbeelde wat in hierdie parashah genoem word, is verteenwoordigend van verskillende situasies waarmee ons in ons alledaagse lewe te doen kry.

Ons moet ook versigtig wees om nie alles te wil vergeestelik nie en ons kan ook nie die 'kruidenierstrollie' benadering volg deur slegs dit te kies wat ons van hou of dit wat vir ons sin maak nie. Die belangrikste om te onthou is dat elke opdrag (bevel, onderrig en instruksie) 'n openbaring van YHVH Yeshua bevat.

Dit is ook belangrik om te onthou dat al YHVH se onderrig en instruksies te doen het met ons afsondering (heiligmaking) as Sy volk (1 Pet. 2:9 en 10).

A true love of God must begin with a delight in his holiness – Jonathan Edwards

² Die vier vlakke van insig van Torah:

- ❖ *P'shat* – letterlike betenis van die teksvers. Neem dit op gesigswaarde.
- ❖ *Remez* – die dieperliggende, gewoonlik geestelike en profetiese betekenis, van die teksvers.
- ❖ *Drash (midrash)* – die homolitiese inhoud van die teksvers, m.a.w. dit leer my van myself en hoe ek dit op my lewe van toepassing kan maak
- ❖ *Sod* – Die geheimenisse wat in die teksvers verskuil is. Byvoorbeeld: Die Alephbet is piktogramme en elke letter het 'n numeriese waarde. Elke letter en elke woord kan 'n geheimenis (boodskap, openbaring) bevat. Dit is ook dikwels die sleutel wat verborgenhede oopsluit. Daar moet egter groot versigtigheid wees om hierdie geheimenisse nie te misbruik en mislei te word nie.

NB: Al vier vlakke moet in harmonie met mekaar wees en nie mekaar weerspreek nie.

Heiligmaking het alles te doen met ons geestelike, siels en ligamlike welsyn. Hoewel ons nie al YHVH se onderrig en instruksies verstaan nie, en hoewel sommige baie moeilik is om in ons hedendaagse samelewing toe te pas, moet ons altyd besef dat Vader-God ons belange op sy Vaderhart dra – dit is Sy liefdevolle onderrig vir ons welsyn vir ‘n lewe in oorvloed.

Onthou: Die doel van Torah is om ons gelykvormig (in gedagtes, woorde en daede) aan Yeshua Messias te maak (Rom. 8:29 en 12:2). Deur geloof in die versoeningswerk van Yeshua word ons gered, maar Torah leer ons hoe om dan as geregverdigdes in Yeshua in gehoorsaamheid aan Vader-God se ‘huisreëls’ te lewe.

Indien ons een gebod oortree, is ons skuldig aan almal (Jak. 2:10). Dit gaan dus nie net oor hoeveel van die gebooe ons hou nie, maar wel oor ons hartsgesindheid! Strewe ons na gehoorsaamheid uit dankbaarheid vir die sondevergifnis in Yeshua en omrede ons Vader-God liefhet en ons Sy liefde vir ons deur gehoorsaamheid wil beantwoord?

He (YHVH) gave His people a choice, but so many turned their backs on His Word (Torah), yet on the other hand, some have "kept" the Law so "perfectly" in their own eyes that they became engulfed in pride, and say they need not a Saviour. Where is the humility, the humbleness, the broken hearted, the meek (teachable) who are calling, out and seeking His Truth? For Yeshua Himself said that unless we come to Him as a little child to His Word we have no hope of entering His Promised soon coming Kingdom.

Ons moet ons ook voortdurend daaraan herinner dat die Torah is Israel se grondwet. As die kinders van Abraham deur geloof in Yeshua as Messias (Gal. 3:7), het ons burgerskap van Israel ontvang (Efes. 2:19 tot 22). Torah is daarom ook ons grondwet! As bruid is Torah ons huwelikskontrak en as burger is Torah ons grondwet. Ons moet ‘n gehoorsame bruid en burger wees!

God's Torah (law) is for correction, protection and direction. It is His gift to us!

Bepeins of Bespreek

1. Joh. 10:10 – Yeshua is die Woord (die Torah) wat vlees geword het, en daarom kan ons Joh. 10:10 ook lees as: maar *Ek, die Torah (Yeshua), het gekom dat julle lewe in oorvloed kan hê!* Net so kan ons ook Heb. 13:8 soos volg lees: *Die Torah (Yeshua Messias) is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.* YHVH se Woord bly dieselfde tot in ewigheid (1 Pet. 1:23 en 25) en by Hom is daar geen verandering of skaduwee van omkering nie (Jak. 1:17). YHVH is ook nie ‘n mens dat Hy sou lieg nie; of ‘n mensekind dat dit Hom sou berou nie. *Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?* (Num. 23:19). Om te sê dat die Torah (die wet) opgehef is, is om al hierdie bewyse van die onveranderbaarheid van YHVH en Sy Woord te verwerp!!
2. Die Poolse rabbi bekend as die *Sefat Emet* het die redes vir Torah-gehoorsaamheid soos volg opgesom: *“The commandments are called ‘candles’, shining light, by the power of Torah, onto every deed. There is no good deed that does not contain some mitzvah (commandment).”* Is dit wat Yeshua in Matt. 5:16 bedoel het toe Hy gesê het: *Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik?* En is dit nie wat Jakobus bevestig, naamlik dat geloof sonder werke nuttelose geloof is nie (Jak. 2:14 tot 26)?

Deut. 21:10 – Wanneer Jy Uitgaan!

As jy na die oorlog uittrek teen jou vyande en YHVH jou God hulle in jou hand gee en jy hulle gevangenes wegvoer... Deut. 21:10

Die openingsvers van hierdie parashah bevat 'n duidelike belofte, naamlik dat wanneer ons teen ons vyande oorlog voer, sal YHVH hulle as gevangenes in ons hand gee!! Dit vereis egter van ons om as 'n Torah-gehoorsame koninklike priesterdom teen ons vyande uit te trek (oorlog te gaan maak). Ons moet ons eers aan YHVH onderwerp en dan die vyand (Satan) weerstaan (Jak. 4:7). Sonder onderwerping (gehoorsaamheid) aan YHVH sal ons nie die vyand kan oorwin nie, want dan voer ons die stryd alleen. Wanneer ons egter in gehoorsaamheid aan Torah teen die vyand uittrek, dan 'veg' YHVH namens ons (Deut. 1:29; Deut. 7:18 en 21; deut. 20:1; Jos. 1:5; Sag. 4:6).

Volgens die Hebreeus beteken die woord *gevangenes* (*shivyo*) meer as net die vyand, want dit verwys ook na dit wat die vyand van jou geneem het (*Living with Messiah; Ki Tetze – Immanuel Schochet*). Gehoorsaamheid aan Torah beteken ook dat ons dit kan terugneem wat Satan gesteel het.

Judaïsme verklaar hierdie teksvers ook as verwysend na Yeshua Messias wat sal kom om alles terug te neem wat aan YHVH behoort en wat deur Israel se vyande deur die eeue afgeneem en vernietig was. Hierby word die tempel ingesluit. Dit was nog altyd die vyand se doel om die tempel in Jerusalem (*Beit Hamikdash*) te vernietig, want dit is die simbool en hart van Israel se geloof in YHVH. Dit was die plek waar YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid was in tye wanneer Israel Torah-gehoorsam gelewe het. Daarom sal die tempel weer herbou word en is dit dan ook Judaïsme se verlange dat dit moet gebeur, want hulle verbind die koms van Yeshua Messias daarmee³.

As gelowiges van die hernieude verbond is ons die tempel van YHVH (1 Kor. 3:16en 17; 1 Kor. 6:19) en het Satan ook ten doel om ons tempel te vernietig en dit te onheilig deur ons denke, woorde en dade. Daarom is elkeen self verantwoordelik om sy/haar 'tempel' instand te hou en in te rig volgens Torah.

Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens. Rom. 12:1.

Bepeins of Bespreek

1. Verwysend na 2 Kor. 10:3 tot 6 – Is ons gedagtes nie die eerste plek waar die vyand ons aanval om wantroue (ongeloof) te saai en ons weg te lok van gehoorsaamheid aan Torah nie? Lees wat sê Jakobus in die verband (Jak. 1:14). Hoe beskerm en beveilig jy jou tempel?

Deut. 21:18 tot 21 – Wederstrewige Kinders

³ Hierdie derde Tempel sal slegs die voorloper wees van die 'ware' tempel in die Millennium en in die nuwe Jerusalem. Wanneer die derde Tempel egter gebou word, sal ons weet die laaste van die laaste dae het aangebreek

As iemand 'n hardkoppige en rebelse seun het, wat nie luister na die stem van sy vader of sy moeder nie en as hulle hom dissipleneer, hy nie na hulle luister nie, dan moet sy vader en sy moeder hom vat en hom uitbring na die oudstes van sy stad, na die poort van sy tuisdorp en hulle moet aan die oudstes van sy stad sê: hierdie seun van ons is hardkoppig en rebels, hy wil ons nie gehoorsaam nie, hy is losbandig en 'n dronkaard. Dan moet al die manne van sy stad hom stenig tot die dood. So moet jy die boosheid uit jou midde uitroei en die hele Yisra'el sal dit hoor en vrees Deut. 21:18 tot 21 – PWL.

Die onderrig en instruksies aangaande wederstrewige kinders is een van daardie moeilike opdragte (*mitzvah*) waarvoor verskillende verklarings gegee word. Die sleutel tot die verklaring van hierdie opdrag word waarskynlik gevind in die woorde van vers 18 en 20, naamlik: *As iemand 'n koppige en wederstrewige seun het... hy is 'n deurbringer en dronkaard...* Volgens Torah moet so 'n seun in 'n 'hofsak' deur die oudstes van die stad verhoor word en gestenig word indien skuldig bevind word. Die ouers kon nie die gereg in eie hande neem nie!

Moet ons ten opsigte van hierdie *mitzvot* slegs na die letterlike betekenis (*p'shat*) kyk of is daar 'n dieperliggende betekenis wat in die uitvoering hiervan in ag geneem moet word?

Eerstens is dit duidelik dat so 'n kind die ouderdom moet bereik het waar hy aanspreeklik gehou kan word vir sy dade en optrede, maar steeds onder sy ouers se beskerming (voogdskap) is. Verder moet so 'n kind skuldig wees aan ongehoorsaamheid, asook aan verkwisting en dronkenskap. In die verband moet onthou word dat ouers se definisie van ongehoorsaamheid, verkwisting en dronkenskap gaan onderling verskil. Elke ouer moet dus self besluit of sy kind se ongehoorsaamheid, verkwisting en dronkenskap sodanig is dat die kind voor die oudstes van die stad gebring moet word om verhoor te word.

Die onmiddellike vraag is egter: Watter liefdevolle ouer gaan teen sy kind getuig? Daarom kan dit met 'n groot mate van sekerheid gesê word dat geen ouer in die dae van Moses en daarna hierdie opdrag uitgevoer het nie! Is dit dan nie ongehoorsaamheid aan Vader-God se Torah nie? Nee, dit is nie ongehoorsaamheid nie omrede die volgende in ag geneem moet word:

- ❖ Hierdie *mitzvot* dien as 'n ernstige waarskuwing aan ouers om hulle kinders in die weë (volgens Torah) op te voed, want 'n kind se uiteinde – of dit in 'n wêreldse hof of in die hemelse hof gaan wees – is die ouers se verantwoordelikheid. As ouers is ons geneig om ons oë vir ons kinders se foute te sluit, dit oor te sien en te hoop dit gaan nie weer gebeur nie. Die opdrag aangaande wederstrewige kinders dien egter as waarskuwing om nie hierdie weg te volg nie! Hierdie opdrag het juis ten doel om ons as ouers te motiveer om ons kinders met eerbiedige ontsag vir YHVH op te voed sodat hierdie ontsag by ons kinders ingeskerp sal wees. Die doel van hierdie opdrag word in vers 21 opgesom, naamlik: *en die hele Israel sal dit hoor en vrees.*
- ❖ Tweedens dien hierdie opdrag as 'n herinnering dat ons almal wederstrewige kinders van Vader-God was en dikwels nog steeds is. Ons almal het die doodvonnis volgens die hemelse hof verdien. MAAR, sodat ons kan lewe het YHVH Sy eie Seun gegee om in ons plek te sterf. Vir ons as ouers klink die vonnis van 'n wederstrewige kind wreed, maar dit is nie wreder as die 'vonnis' wat Yeshua as Gehoorsame Kind namens ons verduur het nie!!

Bepeins of Bespreek

1. As ouers moet ons ons kinders tugtig en ons doen dit omrede ons hulle liefhet en ons moet dit doen volgens die voorbeeld van Vader-God:

*...want YHVH tugtig hom wat Hy liefhet, ja, soos 'n vader die seun in wie hy behae het.
Spr. 3:12*

*Tugtig jou seun, want daar is hoop; maar laat dit nie in jou opkom om hom dood te maak
nie. Spr. 19:18*

Lees ook Heb. 12:6 en 7 en Open. 3:19. Ons liefde vir YHVH moet egter altyd meer wees as ons liefde vir ons kinders!

2. Tugtiging van ons kinders verskaf aan ons op die langduur rus en vreugde vir ons siel:
Tugtig jou seun, dan sal hy jou rus gee en aan jou siel vreugde verskaf (Spr. 29:17).
3. Ons moet onthou dat ons kinders ook geregtig is soos wat ons vra: *Tugtig my, YHVH, maar met mate; nie in u toorn, dat U my nie te klein maak nie (Jer. 10:24).*

Deut. 21:22 en 23 – Vervloek Deur YHVH

As 'n persoon 'n sonde doen wat die doodstraf verdien en hy gedood word en jy hom aan 'n boom ophang, dan mag sy lyk nie oornag aan die boom hang nie, maar jy moet hom sekerlik diéselwde dag nog begrawe, want een wat opgehang is, is deur God vervloek sodat jy nie jou land wat יהיה, jou God, jou as erfenis gee, verontreinig nie. Deut. 21:22 en 23 – PWL.

Israel van ouds het nie die doodstraf by wyse van kruisiging of die galg toegedien nie. Die mees algemene metode van die toediening van die doodstraf was deur steniging (Ex. 17:4; Deut. 13:10), terwyl verbranding (Lev. 20:14; Lev. 21:9) en teregstelling met die swaard (Ex. 32:27) ook toegepas was. Die persoon wat volgens Deut. 21:22 aan 'n paal opgehang was, was reeds die doodstraf toegedien en die vertoon van sy lyk het slegs as bewys en herinnering van die skande van die misdaad gedien, asook as 'afskrikmiddel'!

Torah bepaal egter dat die lyk voor die aand (voor die begin van die nuwe dag) van die boom (paal) verwyder en begrawe moes word ongeag watter tyd van die dag die teregstelling plaasgevind het, en ongeag watter tyd van die dag die lyk aan 'n paal opgehang was. Iemand wat opgehang was, was deur YHVH vervloek gewees, maar hierdie vloek was teen sonsondergang verwyder gewees indien die lyk van die paal afgehaal en begrawe was. Die oortreder en die oortreding moes in die graf 'versteek' word sodat die land nie verontreinig (*tamei*) sou word nie (Deut. 21:23).

Volgens hierdie *mitzvah* leer ons die volgende:

- ❖ YHVH se respek vir die afgestorwenes, selfs vir die doodveroordeelde.
- ❖ Die mens kan volgens Torah die sondaar veroordeel, maar YHVH alleen sal oor die finale oordeel van die mens beskik.
- ❖ Wanneer die reg sy gang gegaan het, is geen verdere veroordeling of vernedering van die beskuldigde of sy naastebestandes geregtig nie.

Hierdie *mitzvah* is ook ‘n heenwysing na Yeshua Messias. Paulus verwys daarna in Gal. 3:13 waar hy sê: *Messias het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ‘n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang.* Elke mens verdien die doodvonnis en verdien om aan ‘n paal opgehang te word as ‘n vervloekte van YHVH, sodat almal die skande van oortreding van YHVH se Torah kan sien. Yeshua het egter namens ons hierdie *mitzvah* uitgedien (vervul). Hy het die vervloekte van YHVH geword sodat ons die geregtigheid van God in Yeshua kan word. Daarom moes Yeshua ook voor sonder van die folterpaal verwyder word (Joh. 19:31), sodat die vloek gekanselleer kon word.

Yeshua Messias het in elke opsig aan die vereistes van Torah (die wet) aangaande die doodstraf voldoen. Hy wat onskuldig was, het namens ons die vloek van oortreding van Torah gedra. Sodoende het Yeshua nie net elkeen wat glo in hierdie genade voorsiening van YHVH gereinig (*tahor* gemaak) en aangeneem as Sy kind (as eiendomsvolk) nie, maar het Hy ook die land Israel gereinig as YHVH se eiendom.

Bepeins of Bespreek

1. Diegene wat die lyk van die paal afgehaal het was ook onrein, want hulle het aan ‘n dooie geraak (Num. 19:11 tot 22). Was hierdie *mitzvah* van toepassing op diegene (Josef van Arimathea, Nikodemus, en ander) wat Yeshua van die kruis afgehaal het en in die graf neergelê het (Joh. 19:38 tot 42)?

Deut. 22:1 tot 4 – Onderlinge Vertroue

Die onderrig in Deut. 22:1 tot 4 is daarop gemik om onderlinge vertroue in ‘n gemeenskap te vestig. Daarom, om jou naaste lief te hê soos jousef skep onderlinge vertroue in ‘n gemeenskap. Enige gemeenskap se suksesvolle en veilige voortbestaan is afhanklik van wedersydse vertroue. Deut. 22:1 tot 4 gee riglyne vir hierdie onderlinge vertroue wat die kenmerk van YHVH se volk moet wees. Dit het alles te doen met die *mitzvah* dat jy jou naaste lief moet hê soos jousef – dit is deel van die *sh'ma* (Deut. 19:18). ‘n Samelewing waar almal die sekerheid kan hê dat elkeen sal omsien na die ander se belange is die vervulling van die wet van liefde vir jou naaste, want die liefde doen die naaste geen kwaad nie (Rom. 13:10).

Hy wat sê dat hy in die lig is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe. Wie sy broeder liefhet, bly in die lig, en in hom is geen oorsaak van struikeling nie. 1 Joh. 2:9 en 10.

‘n Samelewing sonder onderlinge vertroue in jou naaste gee aanleiding tot agterdog, selfsug en twis.

Bepeins of Bespreek

1. Openbaar ons nie dikwels ook ‘n gesindheid soos die van Kain deur te vra: *Is ek my broer se wagter* (Gen. 4:9)?
2. Lees Psalm 133 – hoe lieflik is broederskap! Broederliefde is die olie van vreugde (Jes. 61:3). Het Dawid nie ook broederliefde in gedagte gehad toe hy Psalm 23 geskryf het nie? Dink aan sy woorde: *U maak my hoof vet met olie.. en ek sal in die huis van YHVH bly...* YHVH se huis bestaan uit ‘n groot familie wat in vrede saam moet woon!
3. Ons vergeet nie dat ons in ‘n verbondsverhouding met YHVH leef nie, maar ons vergeet maklik dat ons ook in ‘n verbondsverhouding met medegelowiges staan. Onthou: In ‘n verbond word die belange van die een met wie jy ‘n verbond het bo jou eie belange gestel! Sal dit nie ‘hemel op aarde’ wees indien ons hierin sou slaag nie?

Deut. 22:5, 9 tot 11 – Verbode Vermengings

‘n Vrou mag nie mansklere dra nie en ‘n man mag geen vrouensklere aantrek nie, want wie dit ook al doen, is vir יהיה, jou God, verwerplik. Deut. 22:5 – PWL

Jy mag nie twee soorte saad in jou wingerd saai nie, of die volle opbrengs van die saad wat jy gesaai het en die vermenigvuldiging van die wingerd, sal onrein word. Jy mag nie met ‘n os en ‘n donkie saam ploeg nie. Jy mag geen materiaal wat gemeng is met wol en linne aantrek nie. Deut. 22:9 tot 11 – PWL

Torah is baie duidelik oor die feit dat dit wat rein is nie met dit wat onrein is vermeng mag word nie, asook dat dit wat afgesonder (heilig) is nie met dit wat onheilig is vermeng mag word nie. Dit is verbode samevoegings! Daarom moet ons leer wat YHVH as rein en afgesonder beskou, sodat ons dit nie met die onreine en onheilige sal besoedel nie. Sonder heiligmaking en reinheid sal ons nie die Koninkryk van God beërwe nie!

Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring. 2 Kor. 7:1

Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking. 1 Thess. 4:7

Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand YHVH sal sien nie;
Heb. 12:14

So het Vader-God ook bepaal dat sekere ander dinge nie vermeng (besoedel) mag word nie. Eerstens vereis YHVH dat die onderskeid en verskille tussen die manlike- en vroulike geslag duidelik volgens Sy orde gehandhaaf moet word. Beide geslagte is na die beeld en gelykenis van YHVH geskape en albei vertoon hoedanighede van YHVH wat nie vermeng mag word nie. So ook het beide geslagte ‘n bepaalde rol om in YHVH se skepping te vervul en hierdie rolle mag nie omgeruil of verwar word nie. Saam verteenwoordig die man en die vrou die totaliteit van die beeld en die gelykenis van YHWH. Daarom is die betekenis van Deut. 22:5 dat die vrou nie haar beeld en gelykenis van YHVH met die van die man se beeld en gelykenis van YHVH mag vermeng nie. Dieselfde geld vir die man. Dit gaan dus nie net oor kleredrag nie!

Daarom is die Contemporary English Version se vertaling van die teksvers meer korrek: *Women must not pretend to be men, and men must not pretend to be women. The LORD your God is disgusted with people who do that.* Vermenging van YHVH se geskape onderskeid en verskille tussen die manlike en vroulike geslag is ‘n gruwel!

Ongelukkig bestaan daar groot verwarring, selfs in die Christendom, oor die rol wat die man en die vrou in YHVH se Skeppingsplan moet vervul, en veral in huweliksverband. Die wortel van hierdie probleem is ‘n gebrek aan kennis wat Torah in die verband leer.

Bepins of Bespreek:

1. Wat is die betekenis van Deut. 22:9 – *Jy mag in jou wingerd nie twee soorte saad saai nie?* Het dit te doen met geneties gemodifiseerde saad en dus met die produksie van geneties gemanupileerde voedsel? Wat van die saad van die Woord en die saad van

onkruid wat ons dikwels in ons lewens saai? Vergelyk Matt. 13:24 tot 30 – die koring en die drabok! Laasgenoemde word meer volledig bespreek in ‘n artikel wat by die volgende skakel afgelaai kan word: <http://nuwelielied.info/wp-content/uploads/2012/04/GB1.11GelykenisOnkruid.pdf>

2. Wat is die betekenis van Deut. 22:10 – *jy mag nie met ‘n os en ‘n esel tegelyk ploë nie*? Is hierdie ondermeer YHVH se onderrig aangaande ‘n gelowige en ongelowige wat nie in dieselfde juk mag trek nie (2 Kor. 6:14)? Onthou: ‘n Os verteenwoordig ‘n rein dier en ‘n esel ‘n onrein dier! Maar dan ook: Wat van die verskil in krag tussen ‘n os en ‘n esel? Is dit nie onbillik om te verwag dat diegene wat die geestelike vlak (volwassenheid, krag) van ‘n esel het om in dieselfde juk te trek as diegene wat die geestelike vlak van ‘n os bereik het nie? Wat sal die resultaat van so ‘n vermenging wees? Vergelyk Lev. 19:19 en Jes 32:20 in die verband.
3. Wat is die betekenis van Deut. 22:11 – *jy mag geen gemengde stof, wol en linne tegelyk, aantrek nie*? Ons weet dat al YHVH se onderrig en instruksies (Torah) vir ons eie welsyn is. Is hierdie so ‘n voorbeeld? Is daar wetenskaplike redes hoekom ons nie wol en linne tegelyk mag dra nie? Het hierdie *mitzvah* moontlik nie net te doen met die feit dat ons in terme van ons kleredrag nie soos die wêreldling moet lyk nie. Onthou: ‘n Jood (Israeliet) is baie maklik aan sy kleredrag en wat hy eet uitgeken.

Deut. 25:13 tot 16 – Mate en gewigte

Jy mag nie verskillende weegstene, ‘n grote en ‘n kleintjie, in jou sak hê nie. Jy mag nie verskillende mates, ‘n grote en ‘n kleintjie, in jou huis hê nie. Jy moet ‘n vol en korrekte gewig hê; jy moet ‘n vol en korrekte maat hê sodat jou dae verleng mag word in die land wat יהוה, jou God, jou gee, want elkeen wat hierdie dinge doen, elkeen wat onregverdig optree, is verwerplik vir יהוה, jou God. Deut. 25:13 tot 16 – PWL.

Om die betekenis van bogenoemde Skrifgedeelte te verstaan, moet die volgende verduidelik word:

In die dae voor die meganiese en elektroniese weegskaal ontwikkel was, was daar gebruik gemaak van ‘n balanseerskaal in koop- en verkooptransaksies. Elke handelaar het ‘n balanseerskaal en ‘n stel ge-eikte gewigte gehad. In die een pan van die skaal sou die handelaar die produk plaas en dan van die gewigte op die ander pan plaas tot die die twee panne in ewewig gehang het. Die gewig (massa) van die produk is dus bepaal en volgens die prys per gewig vir die bepaalde produk is die geldwaarde van die produk dan vasgestel. Die handelaar het dan daarvolgens gekoop of verkoop. Die probleem was egter oneerlike handelaars wat ‘n stel gewigte gehad het wat nie die korrekte massa was nie. So ‘n handelaar sou ‘n stel gewigte gebruik wat swaarder as die aangeduide gewig was, asook ‘n stel wat ligter as die aangeduide gewig was. Die swaarder stel het hy dan gebruik om mee te koop en die ligter stel om mee te verkoop. Byvoorbeeld: Indien hy tamaties sou koop met ‘n stel gewigte wat 1,1 kg in plaas van 1 kg geweeg het, het hy ‘n 100 gram tamaties meer gekry vir die geld van 1 kg tamaties. Wanneer hy dieselfde tamaties verkoop het, het die handelaar ‘n stel gewigte gehad wat 900 gram in plaas van 1 kg geweeg het. Dan het hy 900 gram se tamaties vir die prys van 1 kg verkoop. Op die koop en verkoop transaksie van tamaties het die handelaar dan 200 gram per kg tamaties onregverdig wins gemaak.

In die lig hiervan kan die teksvers: *jy mag nie verskillende weegstene, 'n grote en 'n kleintjie, in jou sak hê nie*, verstaan word. Hierdie onregverdige optrede is 'n gruwel vir YHVH en daarom verwerplik. Die letterlike betekenis van hierdie *mitzvah* is dat ons geen onregverdige wins uit ons naaste mag maak nie, of hom op enige ander wyse mag uitbuit nie. Maar daar is 'n dieperliggende betekenis wat ewe belangrik is en wat ons reeds in Lev. 19:35 en 36 teengekom het, naamlik:

Julle mag geen onregverdigheid doen in bepalings, in mate van gewig of inhoudsmaat nie. Julle moet 'n korrekte weegskaal hê, korrekte weegstene, 'n korrekte efa en 'n korrekte hin (PWL).

Hiervolgens moet ons besef dat daar 'meetinstrumente' in die geestelike en morele realms bestaan. Daarom is dit nie toevallig dat die teken van die maand Tishri 'n balanseerskaal is nie, want die eerste van Tishri is Yom Teruah (die Fees van Shofar) wat ook bekend staan as Yom HaDin (Dag van Oordeel). Dit is die dag wat YHVH elkeen se werke gaan weeg en meet op Sy weegskaal en volgens Sy maatstok:

Want ons moet almal voor die regterstoel van Die Gesalfde Een verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.
2 Kor. 5:10

Die Tanakh herinner ons ook aan koning Belsasar van Babilon wat ook geweeg was (Dan. 5:25 tot 28):

En dit is die skrif wat geskrywe is: Mené, mené, tekél ufarsín. Dit is die uitleg van die woord: Mené – God het u koningskap getel en daar 'n einde aan gemaak; tekél – u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind; perés – u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee.

Belsasar het hom teen YHVH verhef en in sy hoogmoed YHVH nie vereer nie en daarom is hy deur YHVH geweeg en te lig gevind. Hiervolgens sien ons dat YHVH ons gesindhede, motiewe, begeertes, woorde, dade, ensovoorts weeg en meet.

'n Regte weegtoestel en weegskaal kom van YHVH, al die weegstene in die sak is sy werk.
Spr. 16:11.

Die rede hoekom YHVH ons 'weeg' en 'meet' is om ons daarvolgens te oordeel. YHVH gebruik Torah om die gewigte en maatstok mee te eik en daarom is Sy weging en meting regverdig en akkuraat.

Die probleem kom egter by die gewigte en maatstok wat ons gebruik om ander mee te weeg en te meet. Wanneer ons 'n persoon oordeel (bespreek) is ons inderwaarheid besig om daardie persoon te weeg en te meet. Ons oordeel ander egter verskillend as wat ons onself oordeel. Ons is dan soos die oneerlike handelaar en gebruik verskillende gewigte en mates wanneer ons onself weeg en meet as wanneer ons ons naaste weeg en meet. Daarom het Yeshua gesê:

“Moenie oordeel nie sodat julle nie geoordeel word nie, want volgens die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word en met die maat waarmee julle meet, sal dit vir julle uitgemeet word. Waarom sien jy die splinter in jou broer se oog, maar die plank in jou eie

oog merk jy nie op nie? Hoe kan jy vir jou broer sê: 'Laat my die splinter uit jou oog uithaal en let op, daar is 'n plank in jou eie oog? Toneelspeler van 'n valse karakter, haal eers die plank uit jou eie oog uit, dan sal jy kan sien om 'n splinter uit jou broeder se oog uit te haal!
Matt. 7:1 tot 5.

Hy het ook vir hulle gesê: "Oorweeg dit wat julle hoor; met die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word en daar sal bygevoeg word, vir julle wat hoor. Mark. 4:24

Geen mens meet met YHWH se maat van genade nie en Jakobus herinner ons: *Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word. Want die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie (Jak. 2:12 en 13).*

Let op wat Jakobus in vers 13 sê: *die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys nie.* Dit beteken dat weens ons eie onbarmhartigheid verbeur ons Vader-God se liefdevolle barmhartigheid wanneer Hy ons oordeel.

As gevolg hiervan is daar nie 'n verskoning vir jou, o mens wat jou naaste veroordeel nie, want waaroor jy jou naaste oordeel, is jyself skuldig aan, want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge, maar ons weet dat die oordeel van God in waarheid bestaan oor die wat sulke dinge voortdurend doen. Rom. 2:1

Dikwels laat ons na om ons eie sonde te oordeel en is ons vinnig om onself te regverdig. Dit herinner ons aan die gelykenis wat Yeshua vertel het van die Fariseër en die tollenaar (Luk. 18:9 tot 14). So dikwels bid ons die Fariseërsgebed van: *o God, ek dank u dat ek nie soos die ander mense is nie....* terwyl ons almal eerder ons kop in skaamte moet laat sak en op ons bors moet slaan terwyl ons die tollenaarsgebed bid van: *o God, wees my, sondaar, genadig!*

Ons almal het 'n geneigdheid om onself bo ander te verhef en ons doen dit meestal sodat ons beter oor onself kan voel.

If we judge ourselves from below, it will not be necessary for YHVH to judge us from above –
Unknown

We are very good Lawyers for our mistakes and very good Judges for other's mistakes –
Anonymous

Ons moet onself oordeel aan die hand van Torah, want dit is YHWH se onderrig en instruksies. Dit is Sy meetsnoer.

Bepeins of Bespreek

1. Ons moet onthou dat persone in die regstelsel se taak is om te oordeel. Hoe is Matt. 7:1 tot 5 dus op hulle van toepassing? Word die advokaat, regter, landdros en prokureur nie van Matt. 7:1 tot 5 vrygestel indien sy oordeel (beslissing) regverdig volgens landswette geskied nie?
2. Beteken die *mitzvah* dat ons nie mag oordeel nie, dat ons ook nie 'n mening in die lig van Torah mag vorm nie? Volgens John Wesley's Explanatory Notes beteken Matt. 7:1 die volgende: *Judge not any man without full, clear, certain knowledge, without absolute*

necessity, without tender love. Miskien kan ons byvoeg: *en sonder om onself ook volgens dieselfde maatstaf te oordeel.* In die verband moet ons ook die volgende onthou:

- ❖ In Matt. 7:15 tot 20 sê Yeshua dat ons wel mense aan die vrugte wat hulle dra moet oordeel.
 - ❖ YHVH het tog regters (*shoftim* – parashah 48) aangestel om volgens Torah te beslis en te oordeel.
3. Matt. 7:1 tot 5 en soortgelyke Skrifverwysings word deur die voorstanders van eenheidsgeloof (een-wêreld-godsdiens) misbruik in die sin dat ons nie afgodsgelowe (Moslems, Hindus, ens.) mag oordeel nie. Dit word ook misbruik ten opsigte van sonde, soos byvoorbeeld dat ons nie homoseksualisme mag veroordeel nie.

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Jes. 54:1 tot 10 – Die Toekoms van Sion

Maak die plek van jou tent groter; rek die afskortings van jou blyplek uit, wees nie spaarsamig nie; maak jou lyne lank en versterk jou penne, want jy sal na regs en na links uitbrei en jou nageslag sal nasies besit en verwoeste stede herbevolk. Jes. 54:2 en 3 – PWL.

Hierdie week se Haftorah is profesie wat sedert Mei 1948 in die proses is om vervul te word. Jesaja vergelyk Israel met 'n onvrugbare vrou wat nie gebaar het nie (Jes. 54:1), asook soos 'n verlate vrou en 'n bedroefde van gees wat gesmaad was (Jes. 54:6). Israel was vir 'n kort oomblik deur YHVH verlaat en in 'n oomblik van toorn het Israel se Man, haar Maker, Sy aangesig vir hulle verberg (Jes. 54:7 en 8). Maar Jesaja profeteer dat YHVH met groot ontferming en goedertierendheid hulle weer bymekaar sal maak (Jes. 54:7 en 8). Dit is wat sedert Mei 1948 besig is om te gebeur toe Israel weer 'n staat geword het – as te ware weergebore was!

Ons sien en beleef dat Israel die plek van haar tent groter maak en die afskortings van haar blyplek rek. Israel het haar tentpennestewig ingeslaan (Jes. 54:2 en 3). Hoewel Israel se grondgebied tans nie uitgebrei word nie, is die bou van wooneenhede vir die groeiende bevolking aan die orde van die dag. Verwoeste stede word sedert 1948 herbevolk!

Hoewel dit mag blyk dat Israel steeds verneder word, weet ons dat YHVH Sy land Israel en Sy volk nie verstoot het nie (Rom. 10:11). Daarom weet ons dat die woorde van die profeet Jesaja ook waar sal word toe hy gesê het:

Moenie vrees nie, want jy sal nie beskaamd staan nie en moenie vernederd voel nie, want jy sal nie onteer word nie, maar jy sal die skande van jou jeug vergeet en die smaad van jou weduweenskap nie meer onthou nie, want jou Maker is jou Man; יהוה-Tzva'ot is Sy Naam en die Afgesonderde Een van Yisra'el is jou Loskoper, wat die God van die hele aarde genoem word. Jes. 54:4 en 5 – PWL.

Bepeins of Bespreek

1. Berge mag wyk en heuwels wankel, maar YHVH se liefdevolle goedheid (goederterienheid) sal nie van Israel verwyder word nie (Jes. 54:10). Volgens Hebreuse denke verwys berge na die patriarge van Israel en die heuwels na die matriarge. Israel se

voorgeslagte, asook ons eie, het dikwels afgewyk van Torah soos berge wat verwyder word en heuwels wat geskud word. Maar te midde van dit het YHVH getrou gebly aan Sy liefde vir Israel en sal elke profesie aangaande die herstel van Sy land en volk vervul word. Kan jy saam jubel vir dit wat YHVH besig is om in Israel te doen, maar ook vir dit wat Hy in jou eie lewe gedoen het? Is ons elkeen se lewensverhaal nie ook vergelykbaar met die van Israel nie? Is jy dankbaar dat YHVH se goederterenheid nooit van jou gewyk het nie?

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.